

Pret met taal: Spelling

Die kappie



Indien 'n **e**, **i**, **o** of **u** in 'n oop lettergreep voorkom, dui die kappie aan dat die letter 'n lang klankwaarde het.

Voorbeelde: bêre, nêrens, sê, hê, belê, môre, brûe, rûe

Daar is egter GEEN kappie waar die "o" in 'n geslote lettergreep voorkom nie.

Voorbeelde: bord, storte

Wanneer "e" in 'n geslote lettergreep voorkom wat op 'n enkele konsonantletter eindig, word die kappie op die "e" gebruik indien die e-klank lank uitgespreek word.

Voorbeelde: skêr, blêr (maar ster)

Aktiwiteit

Kies die korrekte word tussen hakies en skryf dit in jou werkboek:

1. Piet (se, sê) kinders (se, sê) dat hulle graag presente wil (he, hê).
2. (More, Môre) gaan die (hele, hêle) skool lekker laat (le, lê), want dit is 'n vakansiedag.
3. Knip asseblief die (ster, stêr) met 'n (sker, skêr) uit.
4. Die gans (se, sê) kuikens is (nerens, nêrens) te vinde nie.
5. As ons in die aand op ons (rue, rûe) (le, lê), kan ons na die (sterre, stêrre) kyk.